# GOUTIE GONSBLAD

10/2016 16 Mei 2016

**Onthou om ons te besoek by: www.gouties.co.za of Facebook: Gouties Prestasies.**

**Raak deel van ons Goutie BBM groep by: 274CC56C**

## Uit die kantoor….

Beste Gouties

Goudveld-Hoërskool het Dinsdagaand, 10/05/2016, ‛n baie suksesvolle gr. 7-inligtingsaand aangebied. Dit is bgewoon deur ongeveer 200 gr 7's plus hul ouers wat hulle vergesel het, bygewoon.

‛n Oorsig is oor al die aktiwiteite wat die skool aanbied en ook die prestasies van die afgelope tyd gegee. Ons bied sover ons kan vir ons kinders blootstelling en so het hulle, hierdie aand keurig aangebied.

Die hele skoolgemeenskap sou die aanbieding geniet het en dit laat ‛n mens met groot dankbaarheid en trots. Om in die Goudvelde ons leerders so te bemagtig, is ‛n groot voorreg. Met so aanbieding sien mens eers hoe besig ons leerders, onderwysers en ouers, is om ons skool uit te bou en die leerders op vele terreine toe te rus en baie blootstelling te gee. Dankie daarvoor, ons neem kennis van die harde arbeid wat onselfsugtig gelewer word.

Opregte dank aan die onderwysers en leerders wat hierdie aand moontlik gemaak het. Ons waardeer julle harde werk en julle entoesiasme.

Die gr. 7's en hul ouers se bywoning word ook opreg waardeer.

Ons het elke kwartaal ‛n kontaksessie met ons Gr 7's en sal u op hoogte hou van ons volgende geleent-heid. Dan kan u die skool op ‛n praktiese manier leer ken.

Sterkte aan almal vir die res van die kwartaal. Oor drie weke begin die Junie–eksamen!

Goutiegroete.
A. de Bod
Adjunkhoof

## Gr. 7 Ope-aand



Goudveld-Hoërskool
057Tel: 352 7187
Faks: 086 554 0586

# NVS Hokkie



Angela Müller NVS o.14A-span




Arina van Noordwyk NVS o.14B-span




Bernadette Meier (reserwe), Isabel Müller en Clarisse Fourie NVS o.18B-span



R'hordian de Lange NVS o.18A-span

## Uitstekend gedoen!!

# Te Koop




**Skakel me. Desmore**

**072 600 7788**

Slegs R240

# NVS Hokkie



Links voor: Chanél de Klerk (reserwe) en Immelda Hamman.

Links agter: Marisna Maree, Semoné Rademeyer en Kelsea Riesenbeeck

# Belangrike datums

**14 Mei:**
Sport @ AHS (tuis)

**15 Mei:**
Koor-optrede Welkom-Wes 18:00

**16 Mei:**
Voortrekkers spandag
St. Michaels Eisteddfod
Koekverkoping Voortrekker Seetoer

**17 Mei:**
St. Michaels Eisteddfod
Griffons Proewe Kroonstad o.16 en o.18

**18 Mei:**
Voortrekkers Verkennersaand
Hokkie en netbal vs Hennenman (tuis)
St. Michaels Eisteddfod

**19 Mei:**
Afrikaans Mis opvoering gr. 12
VRL Sokkie
St. Michaels Eisteddfod
Netbal vs Welkom High (tuis)

**20 Mei:**
Klere-, hare- en naelsinspeksie tydens opening VRL
St. Michaels Eisteddfod

**21 Mei:**
Landloop Interprovinsiaal Bloemfontein
Sport @ HTS Sasol

# ABRSM GRAADEKSAMEN



Baie geluk aan hierdie Gouties wat hulle ABRSM Graadeksamens geslaag het.

Links: Zané Gouws 82%

Midddel: Ettienne Erasmus 94%

Regs: Ingrid Faasen 79%

**Gouties Rule!!**

# VS Gholf



Chanté van Zyl het die die afgelope naweek aan die Vrystaat Gholfkampioenskap deelgeneem en met 20 houe gewen. Daar was ongeveer 50 deelnemers. Sy is vir die Vrystaat Gholfspan gekies wat oor 2 weke aan die SA-Nasionale Kampioenskappe gaan deelneem. Sy is nou 20ste op die SA-Senior Ranglys en 14de op die SA o.19 Ranglys. Skitterende prestasie, Chanté!!!! Baie geluk!!

# Heritage-toer na Indië




AJ Jacobs is tydens die pas afgelope Heritage-toer na Indië, as die beste Bouler aangewys. Baie geluk, AJ!! Uitstekende prestasie.!!

# Lejweleputswa Skaak



Baie geluk aan hierdie slimkop Gouties wat vir die Lejweleputswa Skaakspan gekies is. Hulle het gedurende die naweek van 6 - 7 Februarie in Bloemfontein aan 'n Interprovinsiale Toernooi gaan deelneem. Ons wag in spanning op die uitslae. Voor op die foto is Michaela van Staden. Links agter is Marnus Malan, Christoph Rode en Francois Greyling. Morgan Buitendach was afwesig toe die foto geneem is.

# Fauresmith Uithouwedren



Baie geluk aan Carla van Jaarsveld wat die Vrystaat in die Fauresmith-uithouwedren verteenwoordig het. Hierdie kompetisie was ook 'n Drienasie kragmeting tussen Suid-Afrika, Namibië en Zimbabwe.

Carla het 20ste in hierdie kompetisie geëindig, nadat sy 'n afstand van120km met haar perd suksesvol afgelê het.